

J. Bennett

Pretoriana



Genootskap Oud-Pretoria

Association Old Pretoria

Kopiereg voorbehou.

Copyright reserved.

INHOUD — CONTENTS

Voorwoord deur Dr. W. H. J. Punt (Voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria): Ons Stad Groei.

Preface by Dr. W. H. J. Punt (Chairman of the Association Old Pretoria): Our City is Growing.

A. C. Kotterer in 'n onderhoud met H. P. H. Behrens: Pretoria se Eerste Munisipale Kantoor.

Anon: Devenish and the M'pefu War.

Helina de Zwaan in 'n onderhoud met Dr. W. Punt: Pres. Kruger en die Staanplek van sy Standbeeld.

Dr. T. S. van Rooyen: Pretoria is nie gestig om as Regeringsetel te dien nie.

R. Peacock: Straatname van Pretoria.

P. E. Punt: Chief Secocuni's Heading?

Dr. F. J. du T. Spies: Die Oorsprong van ons Straatname (III).

A. A. Roberts: Of Beautiful Oaks and A Drawing.

T. S. v. R.: Boekbespreking.

GENOOTSKAP OUD-PRETORIA
ASSOCIATION OLD PRETORIA

(Gestig 22 Maart 1948)

(Founded 22 March, 1948)

Bestuur — Committee

Dr. W. Punt (Voorsitter/Chairman); Prof. Dr. A. N. Pelzer (Ondervoorsitter/Vice-Chairman); Dr. F. J. du T. Spies (Sekretaris/Secretary); Mej./Miss J. H. Davies, M.A. (Argivaris/Archivist); Mnr./Mr. P. J. Jooste (Penningmeester/Treasurer); Dr. V. Fitz-Simons; Mevr./Mrs. H. Greenlees; Mnr./Messrs. J. P. Kleynhans; H. P. H. Behrens; Dr. T. S. v. Rooyen.

Redaksieraad van „Pretoriana”/Editorial Board of “Pretoriana”: Mej./Miss J. H. Davies, M.A.; Dr. F. J. du T. Spies; Dr. T. S. van Rooyen.

Adres van die Sekretaris/Address of the Secretary: Dr. F. J. du Toit Spies, Posbus/P.O. Box 1422, Pretoria.

GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

GRONDWET 1949

1. Die naam van die vereniging is die „Genootskap Oud-Pretoria”.
2. Die werksaamhede van die Genootskap sal hoofsaaklik tot die stad en distrik van Pretoria beperk wees.
3. Die Genootskap tree as 'n selfstandige liggaam op en stel hom ten doel:
 - a) Om histories-belangrike geboue en plekke op te spoor en outentieke gegewens daaromtrent in 'n register, vir dergelike doeleindes daarop na te hou, aan te teken.
 - b) Om onbeheerde of onvoldoende beheerde geskiedkundige voorwerpe of materiale na te gaan en vir die behoorlike bewaring of instandhouding daarvan die nodige stappe te doen.
 - c) Om dokumente, voorwerpe of materiale van geskiedkundige belang te versamel en, na gelang van omstandighede, self daarvoor te sorg, of dit aan die mees geskikte liggaam of inrigting vir veilige bewaring te oorhandig.
 - d) Om geskiedkundige feite in geskrif, beeld of andersins te verewig, en pogings aan te wend dit deur outentieke gegewens aan te vul en af te rond, ter bevordering van 'n getroue daarstelling van die geskiedenis van die stad en distrik van Pretoria.
 - e) Om op eie inisiatief planne te beraam en handelend op te tree in verband met geskiedkundige feesvierings, wat Pretoria tot uitgangspunt het.
 - f) Om behulpsaam te wees met die vasstelling, verlening of verandering van geskiedkundige benaminge vir enige gedeelte of ondergedeelte, soos b.v. ten opsigte van strate, pleine, waterlope en kenmerkende plekke, van die stad of voorstede of die distrik van Pretoria.
 - g) Om alle stappe vir die behoorlike uitvoering van die Genootskap se doelstellings, te doen.
4. Die Genootskap, met volle behoud van sy eie identiteit, verklaar hom bereid om met die bevoegde outoriteite van die Unie-regering, die Transvaalse Provinsiale Administrasie, die Munisipaliteit van Pretoria, en na goedvinde, met enige ander inrigting, liggaam of persoon, as medebelanghebbende saam te werk ter verwesenliking van bogemelde doeleindes.
5. a) Die aantal lede van die Genootskap is beperk tot honderd, maar die bestuur behou hom die reg voor om in besondere gevalle van hierdie reël af te wyk.

- b) Alle persone wat tot die stigting van die Genootskap bygedra het, en persone wat op uitnodiging van die bestuur tot die Genootskap toetree, sal lede wees, op voorwaarde dat niemand lid mag wees wat nie ten minste een jaar in die stad of distrik van Pretoria woonagtig was nie.
- c) Die bestuur behou die reg om, sonder opgaaf van die redes daarvoor, lidmaatskap te beëindig.
- d) Wanneer 'n persoon lid van die Genootskap word, sal verwag word dat hy of sy 'n toetredingsgeld van vyf sjielings betaal, en die bestuur sal die reg hê, wanneer nodig, om verdere heffings van hoogstens vyf sjielings per jaar te doen: (tans 7s. 6d. of 10s.).
6. Die bestuur van die Genootskap bestaan uit 'n voorsitter, 'n onder-voorsitter, 'n sekretaris, 'n onder-sekretaris, 'n penningmeester, 'n argivaris en vier andere lede. Ses bestuurslede wat sal insluit die voorsitter of ondervoorsitter en die sekretaris sal 'n kworum vorm. Die bestuur sal gekies word op die algemene jaarvergadering met die verstandhouding dat die bestuur, wat op die eerste vergadering gekies is, aan bewind bly tot die eerste algemene jaarvergadering in November 1949.
7. Die bestuur sal gemagtig wees om onderkomitees van lede van die Genootskap aan te stel om op een of ander onderwerp in te gaan. Enige onderkomitee het die reg van aanvulling, nie noodwendig uit lede van die Genootskap nie.
8. Die jaarvergadering van die Genootskap sal in November van elke jaar gehou word, en die bestuur het die reg om van tyd tot tyd buitengewone vergaderings te belê.
9. Hierdie grondwet kan deur 'n twee-derde meerderheid van die aanwesige lede op 'n vergadering gewysig word, mits 'n maand kennis van so'n vergadering en van die voorgestelde wysigings gegee word.
10. Afrikaans en Engels is die amptelike tale van die Genootskap.

Ekstra eksimplare verkrybaar by:

UNIE-BOEKHANDEL
Kerkstraat 236, Pretoria.
en
VAN SCHAIK SE BOEKHANDEL
Librigebou, Kerkstraat, Pretoria.

Extra copies obtainable at:

UNION BOOK STORE
236, Church Street, Pretoria.
and
VAN SCHAIK'S BOOK STORE
Libri Buildings, Church Street, Pretoria.

Prys: 1/- per eksimplaar.

Price: 1/- a copy.

Ons Stad Groei

In die afgelope twee jaar vind daar 'n geweldige uitbreiding in die aanbou van geboue in Pretoria plaas. Die ou enkelverdieping winkel en hartbeeshuisie wat so kenmerkend van ou Pretoria was, word deur groot besighede en wonings vervang. Daaglik sien ons dat geboue daterende uit ons stad se kinderjare, gesloop word. Met versnelde tempo verander die voorkoms van die hoofstad en binnekort sal 'n nuwe moderne stad die rustige ou dorp Pretoria van weleer vervang het.

Die Genootskap Oud Pretoria sou graag sien dat 'n tipiese ou woning uit die stigtingsjare van die hoofstad, vir toekomstige geslagte aangekoop word. Gebrek aan fondse maak die uitvoering van hierdie gedagte deur die Genootskap jammer genoeg onmoontlik. Tog behoort 'n poging aangewend te word om 'n huis wat o.a. as voorbeeld van Pretoria se vroegste argitektuur sal dien, vir die nageslag te red.

In die stede van Europa word historiese huise met passende meubels deur verenigings, privaat persone of stadsrade, vir bewaring aangekoop. Hierdeur word die ryk geskiedkundige erfenis uit so 'n stad se verlede vir toekomstige burgers gered. Deur die aanwins van so 'n gebou word terselfdertyd die kulturele lewe van beide stad en land verryk.

Pretoria is nog geen eeu oud nie en ons oudste wonings word skaarser, maar die meerderheid van Pretoriane slaan geen ag op die verdwainende ou huise van ons stad nie. Tog is hierdie wonings, met vrugteboorde en water-erwe, voorbeelde van die boustyl en lewenswyse van die stigters van die hoofstad. Oor 'n paar jaar sal daar geen enkele voorbeeld van Pretoria se oudste huise meer bestaan nie en latere geslagte sal nie in staat wees nie om die mooi eenvoudige huise met geweltjies, van vroër te gaan besigtig nie. Indien so'n huis met sy oorspronklike meublement en tuin kon bewaar word sou besoekers, ook die van oorsee, 'n voorbeeld van 'n kulturele erfenis uit Transvaal se wordingsjare kan gaan sien. Wat 'n kunsskat sal die woning oor 'n paar eeue vir Pretoria en Transvaal wees!

Ou Pretoriane meen dat eer dit te laat is moet 'n tipiese ou woning vir bewaring aangekoop word en dat die Stadsraad van Pretoria die aangewese liggaam is om in oorleg met die Genootskap Ou Pretoria 'n outydse woning aan te koop. Mag hierdie wens, terwyl dit verwesenlik

kan word, in vervulling gaan. Intussen sal in „Pretoriana” fotos, beskrywings en ander besonderhede in woord en beeld van ou geboue uit ons stad se verlede gepubliseer word. Latere inwoners sal oor gegewens van die eerste wonings en winkels van Pretoria beskik. Ons blad word dus ’n uiters waardevolle rekord van ons stad se geskiedenis en argitektuur ens

„Pretoriana” is nou in die tweede jaargang, en dit is danksy die besonder gulhartige geldelike steun van die firma De Loors Bakkery en ’n bydrae van ons stadsraad moontlik gemaak. Die bereidwilligheid waarmee De Loors die aanbod van geldelike hulp vir die uitgee van „Pretoriana” gemaak het, getuig dat die vooraanstaande ou families van Pretoria bereid is om die kulturele belange van ons stad te steun. Ons stadsraad se bydrae word ook hoog op prys gestel want dit is ’n daadwerklike bewys dat Pretoria se stadsvaders die belangrike werk van die Genootskap nog meer begin te waardeer.

Ons is oortuig daarvan dat „Pretoriana” met die daadwerklike hulp van sy burgers en stadsraad nog vir baie jare sal kan verskyn. Die voortbestaan van ons blad onder die redaksie van Dr. T. S. van Rooyen is tans bestendig.

(Get.) W. H. J. PUNT,

Voorsitter.

Our City is Growing

In the past two years an enormous expansion has taken place in the construction of buildings in Pretoria. The old single-storey shop and “hartbeeshuisie” which were so characteristic of old Pretoria are being replaced by large businesses and flats. Daily we see buildings dating back to the childhood years of our city being demolished. The appearance of the capital is changing at a quickening tempo and very shortly a new modern city will have replaced the peaceful old town, the Pretoria of yore.

The Society Old Pretoria would like to see the purchase for future generations of a typical old dwelling from the foundation years of the capital. Lack of funds most unfortunately makes the carrying out of this idea impossible for the Society. Nevertheless an attempt should be made to save for posterity a house which would serve, inter alia, as an example of Pretoria’s earliest architecture.

In the cities of Europe historic houses, with corresponding furniture, are bought for preservation by associations, private persons or city councils. By this means the rich historical heritage of such a city's past is saved for the citizens of the future. By the acquisition of such a building the cultural life of both town and city is enriched.

Pretoria is not yet a century old and our oldest dwellings are becoming more rare, but the majority of Pretorians pay no attention to the vanishing old houses of our city. Nevertheless these dwellings with their orchards and water erwen are examples of the style of building and way of life of the founders of the capital. In a few years there will not exist a single example of Pretoria's oldest houses and later generations will not be able to see the charming, simple, gabled houses of bygone days. If such a house with its original furnishings and garden could be preserved, visitors, including those from overseas, would be able to see an example of a cultural heritage dating back to the Transvaal's years of genesis. What an art treasure such a dwelling would be in a couple of centuries for Pretoria and the Transvaal.

Old Pretorians consider that a typical old dwelling should be bought for preservation before it is too late, and that the City Council of Pretoria, in consultation with the Society Old Pretoria, is the obvious body to buy an old-time residence. May this wish, while it can still be realised, come to fulfilment. In the meantime photographs, descriptions and other particulars in word and picture of old buildings from our city's past will be published in "Pretoriana." Later inhabitants will have at their disposal data regarding the first dwellings and shops of Pretoria, and our paper will thus be an extremely valuable record of our city's history and architecture, etc.

"Pretoriana" is now in its second year and this has been made possible by the exceptionally liberal financial support of the firm Le Loor's Bakery and by a contribution from our City Council. The readiness with which De Loor's made an offer of financial help for the publication of "Pretoriana" proves that the leading old Pretoria families are prepared to support the cultural interests of our city. Our City Council's contribution is highly valued as a very real proof that Pretoria's city fathers are beginning to appreciate the important work of the Society still more.

We are convinced that "Pretoriana" with the active help of the citizens and the City Council will be able to appear for many years to come. The continuance of our paper is assured under the editorship of Dr. T. S. van Rooyen.

(Sgd.) W. H. J. PUNT,

Chairman.

Pretoria Se Eerste Munisipale Kantoor

deur A. C. KOTTERER
in 'n onderhoud met
H. P. H. BEHRENS
Stedelike Skakelbeampte

Ek het in 1896 saam met my ouers van Nederland gekom. Kort na my aankoms is ek na die Bultskool wat in die gebied van die huidige Spoorwegreserwe gestaan het, waar ek tot die einde van Maart 1898 gebly het. Daarna het ek by die Stadsraad begin werk. Mnr. Lutz was die Stadsingenieur, mnr. T. Olie klerk van die Stadsingenieur en ek was die junior. Dit was die hele personeel.

Daar was 'n aantal inspekteurs wat met 'n aantal naturelle en sanitêre konstabels hulle werk gedoen het. Dit het hoofsaaklik in verband gestaan met die strate of die aanbou van watervore. Dan moes hulle ook op klagtes ingaan. Mnr. Sutherland was die sanitêre kontrakteur. Sy kantoor was op die hoek van Proes- en Kochstraat (Bosmanstraat).

Die heel eerste munisipale kantoor was een kamer in die Landdroskantoor en was op die hoek van Bosman- en Pretoriusstraat (noordoostelike hoek, tans die ou magistraatshof). Van die deur in Pretoriusstraat het 'n mens met die gang afgeloop en vanuit die kantoor het 'n mens op Bosmanstraat uitgekyk. Dit was die sesde of die sewende venster aan die westekant van die gebou, vanaf Pretoriusstraat getel. Hier het ons gebly tot die eerste helfte van 1899 toe ons na Kerkstraat getrek het. Ek het altesaam vier jaar gewerk, vanaf 1 April 1898 tot 20 April 1902 toe ek ontslaan is.

Die lede van die Tydelike Stadsbestuur wat deur die Boereregering aangestel is, was W. E. Wilson, K. van Rysse (Publieke Werke), P. van der Byl, E. F. Bourke en sy broer wat die besigheid gehad het in Van der Waltstraat (waar nou die saadhandelaar, Commercial General Agency is), E. P. A. Meintjes, Karel Rood, dr. Messum, mnr. Bosch, eerste Staatsklerk van die Republiek, was die sekretaris en mnr. T. N. de Villiers wat op Rus in Urbe gewoon het, was die voorsitter van die Tydelike Stadsbestuur.

Van hierdie lede het ek ook nog in die bestuur gebly na die Engelse besetting maar ek kan my nie meer so goed herinner wie nie.

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 - was die munisipale kantoor in Kerkstraat 155, waar tans Edworks se winkel is. Regs van die ingang was die Stadsklerk se kantoor en links dié van die

Burgemeester. Agter was die saal waarin die Raad onder voorsitterskap van mnr. Potgieter vergader het.

Mnr. Potgieter was kruppel in een been. Hy was 'n boer met 'n groot plaas naby Warmbad.

Die Stadsraad se bevoegdhedes was baie beperk. Hy kon feitlik net personeel aanstel en verder niks doen nie.

Die Stadsingenieur se afdeling was op die tweede verdieping. Mnr. Ysebrand was Stadsklerk, mnr. Maarseveen was die sanitêre klerk, en 'n mnr. Simon Pieter Malherbe was klerk by die Stadsklerk. Mnr. Olie was toe klerk by mnr. Karlson wat Stadsingenieur was. Mnr. Lutz was al weg toe ons hierdie gebou betrek het.

My salaris was £6 per maand. Toe die oorlog uitbreek, moes almal iets van hulle salaris afgee. Ek moes 10 persent afstaan omdat ek 'n vrygesel was.

Met die uitbreek van die oorlog het feitlik die hele personeel op kommando gegaan en toe die Engelse Pretoria beset het, was net ek, mnr. Karlson ('n Sweed), mnr. Westmaas, Van der Ben en Olie nog in Pretoria. Mnr. Ysebrand is kort daarna gevangene geneem.

Met die aankoms van die Engelse het mnr. Potgieter, mnr. Karlson, mnr. Westmaas en ek by die kantoor op generaal Maxwell gewag. Op 6 Junie 1900, tussen 9.30 en 10 v.m., het die generaal daar aangekom, met mnr. Potgieter en Karlson kennis gemaak en die kantoor in besit geneem. Daar was sowat £500 aan uitstaande salarisse in die brandkas wat ek aan hulle moes oorhandig.

Daarna is ek gevra of ek vir ses weke diens sou aanvaar. Ek was bereid om dit te doen en generaal Maxwell het gesê dat ek die pos sal behou totdat 'n stadsklerk aangestel is. Hy het die geld wat in die kantoor was en die sleutels aan my oorhandig en gesê dat ek daarvoor verantwoordelik sou wees. Mnr. Karlson en ek het in die kantoor gebly. 'n Rukkie later is mnr. Maritz as waarnemende Stadsklerk aangestel.

Nog in die oorlog het die kantoor te klein geword en toe het ons verhuis na die boonste (tweede) verdieping van Savelkoul se gebou, oorkant waar hy nou geleë is (d.w.s. na die suid-oostelike hoek by die kruising van Pretorius- en Paul Krugerstraat). Daar was 'n groot kantoor en die personeel het vinnig gegroei. Later aan is mnr. R. K. Loveday as Burgemeester aangestel en mnr. John S. Reesema as Stadsklerk. Omdat ek nie Engels geken het nie moes ek die werk van 'n bode doen maar ek is deur mnr. Karlson aangestel om kopieë van kaarte te maak.

Teen die einde van 1901 het ek 'n brief gekry dat my dienste vanaf 1 Februarie 1902 nie meer benodig sou wees nie maar indien ek aansoek sou doen en die eed van getrouheid sou aflê, sou hierdie besluit in heroorgeweging geneem word. Hulle kon egter niemand anders kry om my werk te doen nie en so het ek aangebly. Op 21 April het mnr. Loveday my gevra hoekom ek dan nog geen aansoek vir aanstelling gedoen het nie.

„So 'n aansoek sal u nooit kry nie”, het ek geantwoord.

„Hoekom nie?”

„Omdat ek nie die eed van getrouheid wil aflê nie. Ek het nie aan 'n verraaier se bors gesuig nie”.

„Wie is 'n verraaier?” wou mnr. Loveday weet.

„Jy, jy is 'n oud-L.V.”, was my antwoord.

Hy het gesê hy voel lus om my oor sy knie te trek en 'n goeie pak slae te gee vir my brutaliteit, maar ek het hom vertel dat as hy dit doen hy seker in die hospitaal sou beland as ek met hom klaar is want toe was ek regtig kwaad. Hy het my net 'n bietjie aangekyk en toe vir my gesê om die kantoor te verlaat omdat ek onmiddellik ontslaan sou word.

Voor die gebou in Kerkstraat het nooit 'n vlag—nòg die Vierkleur nòg 'n Union Jack—gewapper nie.

Die voorsitter van die Eerste Tydelike Stadsbestuur, mnr. T. N. de Villiers, het op Rus in Urbé gewoon.

Waar nou die kafee Riché, (suid-westelike hoek van Kerkstraat en Kerkplein) is, was eers die „Horse-Shoe Bar” met 'n grasdak. Waar tans die Nederlandse Bank op Kerkplein staan, was 'n oop stuk grond. Hoër op was „His Majesty's”-teater met „The Coffin” en Rex se bar. Daarvoor het twee eikebome gestaan waar vendusies van vaste eiendomme gehou is.

'n Mark is op die noordoostelike kant van Kerkplein op Saterdagoggende gehou. Cuthbert se winkel was voorheen 'n lang gebou met een verdieping. Waar Barclay's Bank nou staan, was voorheen die „Carlton Bar”. Waar die Mutual- en Reserwebankgebou tans staan, was daar geboutjies waaronder 'n teekamer en 'n fietswinkel. Agter hulle het Fillis se sirkus sy vertonings gegee. Dit was voor Pagel se dae.

Op die hoek van Minnaar- en Paul Krugerstraat was eers die Ned. Herv. kerk en op die hoek van Visagie- en Paul Krugerstraat was die pastorie—ds. Goddefroy. Die kerk is later in die Tivoli-teater verander. Tussen die kerk en die pastorie was twee huise.

Tussen Markstraat (Paul Krugerstraat) en Kochstraat (Bosmanstraat) waar baie enkelkamers vir vrygeselle, meesal Z.A.S.M. mense was, was as „Heerengracht” bekend omdat daar 'n breë watervoor voor die kamers geloop het.

In Visagiestraat, langs (wes van) die huidige Voortrekkergedenksaal, was generaal Piet Joubert se woning.

Tavenue-bar was waar tans „Maritime House” staan. Daaragter het die blaasorkes op twee dae in die week geoefen. A. Morrison was die dirigent. Hulle het vir die laaste keer by die begrafnis van generaal Joubert opgetree maar voor die tyd het hulle gereeld uitvoerings in Burgerspark gegee.

Waar tans die Transvaal-Museum staan, was die Regering se voorrade-afdeling. Dit was 'n groot gebou waar op 31 Mei 1900 plundersaars geplunder het en groot hoeveelhede koffie en suiker verkry het.

DEVENISH AND THE M'PEFU WAR

Senator G. G. Munnik was in 1898 Landdrost of Zoutpansberg and in his Memoirs he gives a lively account of the goings on of M'Pefu which were in the September of that year to lead to war. Very interesting from the Society Old Pretoria's point of view is the linking of Mr. A. L. Devenish, the surveyor and a member of the family which gave its name to Devenish Street, with this war.

Senator Munnik writes that the Government instructed him to deliver the following message to M'pefu: "M'pefu, you are hereby directed by the Government to take a census of your people within a month from this date and report . . . how many able-bodied men there are in your tribe, when the Government will at once nominate a Commission consisting of a sworn Government land surveyor and a Field-Cornet to beacon off your location." M'pefu treated Munnik with calculated insolence and retorted, "Tell the Government I know the boundaries of my location, and if anyone comes here to mark off those boundaries I will put him outside of them."

The Government duly waited the prescribed month "and then sent a land surveyor, Devenish, and Field-Cornet Jan du Preez . . . to beacon off M'pefu's location . . . When they arrived there he took them and their wagons across the Doorn River, which he claimed as the Southern boundary of his location and told them that if they came back there would be trouble. On this the executive council met and directed Commandant General Piet Joubert to assemble a commando, and to take the State Artillery with him and bring M'pefu and his tribe to their bearings."

Senator Munnik thus gives the expulsion of Devenish and Du Preez as the immediate cause of the war; but Commandant General Joubert in his annual report for 1898 states that the last straw which broke the Republican camel's back was M'pefu's action in sending a commando of "paarderuiters en voetgangers" to Kranspoort, the mission station of the Rev. Hofmeyr, to prevent the people there, and particularly the Buyses, from paying their taxes. General Joubert states clearly that this provocative act was the last of many, but does not go into any details on the grounds that not only were M'pefu's misdoings too well known to need recapitulation but that to do so would entail writing a partial history of the Republic, and, more particularly, of the district of Zoutpansberg.

Dr. J. A. Mouton, in his thesis "Genl. Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis," confirms General Joubert's assertion that the Kranspoort expedition, which he states took place in August, 1898, was the immediate cause of the war; so Munnik was undoubtedly wrong in ascribing it to the expulsion of Devenish and Du Preez. However, Dr. Mouton in a brief account of M'pefu's misdemeanours, says that he drove back all

Europeans who crossed the Doorn River. This statement fits in with the Devenish story.

There is most probably something in the story for Senator Munnik seems to have had a reliable memory. His account of M'pefu's accession, for example, tallies with that of Dr. Mouton, viz.:— Mahemo, a younger son of Magato, was regarded by the latter as his heir and on his father's death succeeded him as chief, but Magato's eldest son, M'pefu, who owing to offences (vergrype) against his father had been banished, returned hastily from Kimberley and drove Mahemo out. Senator Munnik's version is:— "His lawful successor was a truculent scapegrace named M'pefu, who for the last nine years had lived in banishment from his tribe in Kimberley . . . He was banished because he was sentenced to death by Magato for a discovered intrigue with one of the chief's youngest and prettiest wives, whereupon he fled on horseback to Kimberley and was never allowed to return. Now that Magato was dead, some of the younger indunas went to Kimberley on horseback and brought him back to assume the chieftainship."

In an admittedly cursory search of Archives documents no mention of Devenish's abortive attempt at survey was traced. It would be interesting to learn whether any members of the Society either know anything about this incident or have come across references to it in the course of research.

Anon.

PRES. KRUGER EN DIE STAANPLEK VAN SY STANDBEELD

(Verklaring afgeneem deur Dr. W. Punt)

Mevr. W. de Zwaan, gebore Meintjies, weduwee van argitek W. de Zwaan van Pretoria, het die volgende interessante gegewens in verband met die plek waar die Krugerstandbeeld op Kerkplein sou kom, verskaf:—

Mnr. Sammy Marks die welbekende sakeman het ongeveer 1895 die gedagte opgevat om vir eie rekening 'n standbeeld van Pres. Kruger te laat vervaardig. Deur bemiddeling van argitek De Zwaan het beeldhouer Anton van Wouw die Marks-voorstel onder die aandag van Piet Grobler, destyds in Z.A.R. diens, gebring. Die aanbod is later deur die President aanvaar en Anton van Wouw het die tans beroemde standbeeld vervaardig.

By 'n geleentheid het die plek waar die beeld op die Kerkplein sou moes staan ter sprake gekom. Pres. Kruger is toe deur De Zwaan of Van Wouw oor hierdie saak geraadpleeg. Pres. Kruger het op grappige wyse geantwoord dat sy beeld voor die Goewernementsgebou moet staan en na die gebou kyk sodat hy 'n ogie op sy amptenare kan hou.

(Get.) Helina de Zwaan.

Pretoria is nie gestig om as

Regeringsetel te dien nie.

Die opvatting word taamlik algemeen gehuldig dat Pretoria sy ontstaan te danke het aan die feit dat in die jare vyftig van die vorige eeu gevoel is dat 'n sentrale regeringsetel broodnodig geword het vir die sentralisasie van die Republiek se administrasie. Hierdie indruk is nou onlangs weer gewek deur die opstellers van die Eeufeesalbum van Pretoria. Op bladsy 9 van die betrokke album lees ons: „Een van die uitvloeisels van hierdie **eenheidstrew**e was die **stigting** van Pretoria as 'n sentrale middelpunt en as hoofstad waartoe hy (M. W. Pretorius) in Augustus 1853 die eerste stoot gegee het.”

By die deurlees van die Volksraadsbesluite en ander nagelate stukke wat in die Transvaalse argief 'n tuiste gevind het, blyk dit duidelik genoeg dat die dorp nie aangelê is omdat daar algemeen 'n behoefte ontstaan het aan 'n sentraal geleë regeringsetel nie. Dat daar wel so 'n strew was, is duidelik maar Pretoria is aangelê tenspyte van hierdie strew. Pretoria was **bestem** om die hoofstad te word, dit is nie aangelê om as hoofstad te dien nie. Soos ons hieronder sal sien moet die fout wat oor die algemeen gemaak is in verband met die aanlê van Pretoria gesien word in die feit dat ons al te geneig was om die strew na 'n sentrale regeringsetel, 'n strew wat sterk aanwesig was by M. W. Pre-

torius, te verkonkreiseer in die aanleg van die dorp self, veral omdat M. W. Pretorius die regeringsetel **gevestig wou sien op die plek waar 'n dorp reeds besig was om te ontstaan as gevolg van die bevolkingstoename van die gebied.**

Teen die jaar 1850 is dit allerweê aangevoel dat 'n sentrale setelplaas vir die Republikeinse regering broodnodig geword het. Die feit dat die Volksraad sy sittings òf te Potchefstroom, òf te Lydenburg of Rustenburg van tyd tot tyd gehou het, en die feit dat soiets desentraliserend op die staatsgesag ingewerk het daar dit nie altoos vir die Volksraadslede moontlik was om sittings van die Raad by te woon nie met die gevolg dat dit dikwels gebeur het dat Raadslede wat die streek of gebied verteenwoordig het waar die sitting op daardie tydstip plaasgevind het so 'n sitting oorheers het ten koste van die ander gebiede, dit vanselfsprekend in die hand gewerk het.

Wat die probleem vir die staatsvaders nog verder bemoeilik het was die feit dat die inwoners van so 'n distrik gewestelike patriotisme ontwikkel het en die volksraadsittings gebruik het om hul eie plaaslike belange te bevorder ten koste van die ander distrikte. Soos Professor Pelzer dit in sy werk „Wordingsjare,” deel I, p. 143 stel: „Elke dorp het hom volkome onafhanklik teenoor



*The Transvaal Republic. Old Pretoria: First Dutch Church erected on Church Square.
This view was taken in 1860. (Album D, No. 10.)*

Photo: Transvaal Museum

elke ander geag, sodat van groter eenheid soos gesimboliseer in 'n sentrale setelplaas waarvandaan leiding vir die hele gebied kan uitgaan, geen sprake was nie." Vir sommige historici kom dit selfs voor asof elke dorp en die daarmee saamvallende distrik 'n de jure republiek was. (van Jaarsveld, Dr. F. A. Die Eenheidstrewer van die Republikeinse Afrikaners, Deel I, 1951.).

Die burgers van die Republiek het gaande self gevoel dat hierdie 'n ongesonde toestand van sake is wat stremmend op die gesonde ekonomiese en politieke ontwikkeling van die staat ingewerk het. Daarom vind ons dan ook dat daar verskeie petisies ingestuur word waarin daar sterk aangedring word „dat ons Hoofstad meer in 't dikste midden van die bevolking mog te zyn; en niet op het uithoek waar het nie kan beskermad worden" (V.R. 156/51, 1 April 1851 en ook by Pelzer, p. 143 loc. cit.) Veral die inwoners van Vaalrivier en Marico het gevoel dat 'n sentrale Regeringsplaas broodnodig is omdat die gedurige verskuiwing dit nie vir hul lede moontlik maak om die sittings by te woon nie. (V.R. B., 9 Augustus 1853, art. 51. Ook by Pelzer, t.a.p.)

Dit is bekend hoedat M. W. Pretorius, na aanleiding van hierdie behoefte aan 'n hoofstad en agerend op die dringende aandrang van die memorialiste, besluit het om die twee plase aan die Apiesrivier behorende aan J. J. Prinsloo en A. van der Walt vir hierdie doel aan te koop vir die bedrag van 8,000 Rds. Hierdie stuk grond sou uitmuntend

beantwoord aan sy doel om die Regeringsetel daar te vestig aangesien dit so sentraal geleë was en daar ook nog boonop uitstekende bougrond beskikbaar was. (Pelzer, p. 143.).

Toe die inwoners van die gebied langes die Apiesrivier tot aan Pienaarsrivier van hierdie besluit hoor, was hulle dadelik ontevrede. Ses dae nadat Pretorius die saak aanhangig gemaak het, het die burgers van hierdie gebied op die 29ste Augustus 1853 'n „onderdanigste versoek schrift van ons ondergeteekend Publik aan de wat Edele leeden van ons Eersaame Volksraad" opgestel en aan die Volksraad voorgelê. (V.R. 312/5). Altesaam dertig burgers het die versoekskrif onderteken. Hul grootste beswaar teen die voorgestelde aanleg van 'n nuwe dorp langes die Apiesrivier was dat al hul plase bebou is en as daar 'n dorp in hul midde aangelê word, dan sal al hierdie plase „moeten vervallen en onbestaanbaar worden door dien aanleg, en de Edelen heeren en leeden moet dog insien dat het niet aangenaam of doenlyk is als een man syn plaats so lang bewoont en aangelegt heeft om hen so te moeten laten liggen." Of die plase se waarde sou vermeerder na so 'n dorpsaanleg word hier nie aan gedink nie. Miskien spreek hier meer van die gehegtheid van die Boer aan sy grond ongeag die spekulasie-waarde daarvan as wat ons besef.

In September 1853 is hierdie memorie tesame met die brief van Pretorius oor die aankoop van die twee plase in behandeling geneem

deur die Volksraad wat toe te **Lydenburg** gesit het. Na 'n bespreking is daar toe besluit **om nie op daardie tydstip daartoe oor te gaan om 'n nuwe dorp aan te lê nie** „omdat de noodige fondse daartoe ontbreken” (V.R.B., 23 Sept. 1853, Art. 80). Natuurlik het onder andere Raadslid J. J. P. Prinsloo van wie die plaas gekoop is ernstig beswaar hierteen geopper (Ibid). Maar aangesien die sitting te Lydenburg plaasgevind het, en die Raadslede van Lydenburg waarskynlik hul gewestelike belange sou beskerm, is hierdie besware oor die hoof gesien „omreede de zaken nog niet zoo zyn geregeld om tot zulk eene stap te kunnen overgaan” (Ibid.)

Maar intussen, nadat afgesien is van die aanleg van 'n nuwe dorp langes die Apiesrivier en nadat nie meer gepraat is van die anlê van 'n sentrale regeringsetel op die walle van die Apiesrivier nie, het die getalle van die inwoners van dié gebied so toegeneem dat daar by die Volksraad daarop aangedring is om aldaar 'n nuwe kerkgemeente te stig. Aan hierdie versoek is in 1854 voldoen. (Pelzer, p. 144). Hierdeur gekompromiteer en ook waarskynlik uit hoofde van die feit dat die inwonerstal dit geregverdig het, het die Raad op 16 November 1855 op aandrang van Pretorius, Prinsloo en van der Walt besluit om die dorp aan te lê en om dit Pretoria te noem. (V.R.B., 16 November 1855, art 70). Die bewoners van hierdie streek het nie weer besware ingedien nie en het hulle heelwaarskynlik intussen die noodwendigheid van so 'n dorpsaanleg in hul midde ingesien.

Dit is ook belangrik om daarop te let daar hierdie sitting te Potchefstroom plaasgevind het waardeur die halstarrige Lydenburg-invloed verminder is. Ook het die Lydenburgse lede waarskynlik nie beswaar daarteen geopper nie omdat dit nie 'n antwoord was **op die versoek vir 'n sentrale volksraadsetel „op het middenpunt van de Republiek” nie.** (Pelzer, p. 145, loc. cit.) Niks word in hierdie besluit van so iets gerep nie, want selfs Potchefstroom het ook sy eie gewestelike belange gehad wat deur die aanwesige lede beskerm sou word. Ons vind dan ook dat die Potchefstroomers **herhaaldelik hierna daarop aandrang dat hul dorp die hoofsetelplaas van die Regering moet wees.** (R. 777/55 en Pelzer, p. 145).

Gelukkig vir die toekomstige hoofstad van Transvaal was die gewestelike patriotisme van die Lydenburgers so sterk dat hulle hierna selfs 'n eie Republiek gestig het. Ook is hierna die probleem van die hoofstad opgelos deurdat daar 'n kompromis aangegaan is waardeur Potchefstroom „gelegen aan de Mooirivier” die „hoofdplaats der Republiek en Pretoria de zetel van het Gouvernement zyn” (art. 17 van die grondwet van 1858 en Pelzer, loc. cit.)

Eers nadat Lydenburg weer met die res van Transvaal verenig het, is die dwingende van 'n sentrale regeringsetel aangevoel (R. 3294/59 en Pelzer, t.a.p.) **en is daar besluit dat Pretoria die regeringsetel van die Republiek sou wees.** (Gouvernements Courant, 30 April, 1860).

T. S. van Rooyen.

Staatname van Pretoria

Na aanleiding van artikels van dr. F. J. du Toit Spies: Die oorsprong van ons straatname, in „Pretoriana”, Volume 1, No. 1 en 2, en Mnr. H. P. H. Behrens in Volume 1, No. 3-4, die volgende:

Abattoirweg: Hierdie straat was oorspronklik Kortstraat en het vanuit Visagiestraat oor Minnaar- tot in Jacob Marestraat gegaan, toe die erwe in 1880 deur landmeter F. H. Ruple opgemeet is. Nadat die slagpale in Visagiestraat gevestig is, is die straat herdoop tot Abattoirweg, maar is sedertdien weer gesluit en het die straat aan weerskante erwe geword. (Sien kaart P14 Akteskantore.) Vandag vorm daarde terrein deel van die S.A.S. en Hawens se goedereloodse in Visagiestraat.

Christinastraat: Hierdie straat het vanaf Minnaarstraat tot in Jacob Marestraat geloop, maar is toegemaak deur die S.A.S. en Hawens. Die spoorwegpolisie se aanklagkantoor is op die hoek van die gewese Christinastraat en Minnaarstraat. Die vroeëre naam was Pleinstraat omdat dit eers op Pretoriusplein, waar vandag die tuine voor die stadsaal is, uitgeloop het. Volgens die Akteskantore het die herdoping eers na 1931 plaasgevind, toe die erwe 880 en 884 by Pretoriusplein gevoeg is deur 'n Stadsraadbepal van 28 Sept. 1931. (Sien die Walkerkaart—P. 14 Akteskantore.)

Clarastraat in Mareville: Die grond waarop Mareville uitgemeet is het behoort aan ses onmondige Van Wykkinders en toe die weesheer die grond verkoop is dit gekoop deur Johanna Magdalena Catharina van Wyk (gebore Mare). Die afleiding is nou: Van Mare kom Mareville en van Catharina die verkorting Clara, na wie die straat genoem is. (Vir die opmeting sien kaart P 14 en transport 999 van 1883—Akteskantore).

Bosmanstraat: Die vermoeding van Mnr. H. P. H. Behrens dat die vroeëre naam Kochstraat nie van die winkelier Koch wat op die hoek van Andries- en Kerkstraat sy besigheid gehad het kom nie, is heeltal reg. Die kaart van A. F. du Toit en van Landmeter Walker toon albei Kockstraat aan. Op die Kopiekaart 23 Mei 1936 is die straat nog Kockstraat gemerk maar later is die **k** uitgekrap en 'n **h** gemaak.

Die regte is: In 1874 het Antonie Gehardus Kock van Pres. Pretorius transport geneem van erwe 362 en 406 wat gelê het van Kerkstraat tot in Pretoriusstraat aan die westelike kant van die teenswoordige Bosmanstraat. In transporte 1874/285 en 1874/287 word die eiendom beskrywe as geleë aan Antonie Kockstraat.

Die verwarring het later by oorskrywe van aktes en straatname gekom na die opmeting van Landmeter Walker in 1875 toe van die **k** 'n **h** gemaak

is. In die erweboeke van Pretoria—Akteskantore—kry ons albei vorms Kock- en Kochstraat en later is toe net van Kochstraat gebruik gemaak. Bosmanstraat was dus Kochstraat en Kochstraat was Kockstraat en dié was Antonie Kockstraat.

Vervolgens kom ons by die opmeting van A. F. du Toit van Pretoria in 1857. (**Sien J. H. Breytenbach se Andries Francois du Toit.**)

Die enigste oorgeblewe kopie van die kaart is tesien in die stadsaal en het al die straatname daarop. Waar sommige strate die name het van persone wat na du Toit gekom het (Skinner en Kock) asook van gebeurtenisse na die opmeting (Bloedstraat) wil dit voorkom asof du Toit die gronde gemeet het, maar later eers die name soos die dorp gegroei het ingevul het, terwyl hy Landdros gewees het.

Al die name was egter ingevul voor 1875 toe Walker weer die dorp opgemeet het en daarom kom die name voor op die Walkerkaart.

R. PEACOCK.

Chief Secocuni's Headdress?

During the First British Annexation of the Transvaal Republic, Secocuni, Chief of the Northern Bapedi Tribe, gave a great deal of trouble to both Boer and British and consequently, during 1880-81, he was imprisoned in the Pretoria Jail. He arrived with his wife and little son.

While in custody Secocuni's wife became ill and she was nursed by Mrs. Emily Primmer, who in 1880, was appointed matron of the Pretoria Jail when her husband was appointed jailer. As a token of gratitude Secocuni, after serving his sentence and just before he left the jail on his return to Secocuni Land, presented Mrs. Primmer with the beads he, his wife and child were wearing.

A large beaded ring which looks like a headdress fitting an adult male head now in my possession, was given to me by Mrs. Ethel Primmer, a daughter-in-law of the late Mrs. Emily Primmer. The ring is made of small yellow and black beads worked in alternating yellow and black diamond shapes. It looks like a headdress but as far as I can remember the late Mrs. Emily Primmer told me that the beadwork was made of blue, white, black and yellow beads and that Secocuni's little son wore yellow and black beads. It could have hung around the child's neck or, if I am mistaken, then could it have been a headdress worn by Secocuni which appears to be more likely?

The late Mrs. Emily Primmer told me the story of the Secocuni beads

some 20 odd years ago. She did not have them then having given them to her son. Mrs. Ethel Primmer states that the headring is all that remains of the Secocuni beads belonging to her mother-in-law. She does not recollect having seen the rest of the beads.

—P. E. PUNT.



Sekhukhune in Pretoriase Gevangeniss. 1880.

Die Oorsprong van ons Straatname

III.

Elders in hierdie uitgawe verskyn enige opmerkings van mnr. R. Peacock na aanleiding van die straatname wat reeds in hierdie rubriek bespreek is. Dit word baie waardeer, net soos die gegewens wat deur mnr. H. P. H. Behrens en mnr. C. J. Beaney in die vorige uitgawe (Deel I nrs. 3/4) verstrekkend is.

Hier volg 'n verdere behandeling van die straatname van Pretoria-Sentraal in alfabetiese volgorde.

Jacob Marestraat: Jacob Mare was een van drie broers, Voortrekkers, wat vanuit Natal na Transvaal verhuis het. Hy was nog in die slag van Bloedrivier. Die ander broers was Dietlof Siegfried Mare, die bekende landdros van Soutpansberg, en Frederik Korsten Mare. Jacob Mare was 'n kleurvolle figuur. Hy het lid van die Uitvoerende Raad van die Suid-Afrikaanse Republiek geword en was ook bekend as Jors Voeter, omdat hy so kwaai kon spook om sy mening deur te druk. Sy dogter Sarie was die Sarie Marais (die spelling van die van is willekeurig verander) wat deur M. T. Toerien in die bekende lied van die naam besing word. (Informasie van mnr. D. S. van Warmelo).

Loopstraat: Geen verklaring vir die naam het ingekom nie. Moontlik is dit maar 'n toevallige benaming na aanleiding van die talryke **loopstrate** in ons land.

Margarethastraat: Volgens inligting deur ons ingewin is die straat na Margaretha van Tulleken genoem, maar volgens die herinneringe van mnr. C. Morgan (Pretoriana, Deel 1, nrs. 3/4, p. 31) heet die straat na Margaretha de Waal, 'n lid van die De Waal-familie wat in Boomstraat net oorkant die Dieretuin gewoon het. **De Waalstraat** heet dan ook na haar vader.

Minnaarstraat heet na J. C. Minnaar, registrateur van aktes in die dae van die Republiek. In die **Eeufees-album** van Pretoria, p. 24, verskyn hy op 'n portret saam met 'n groep amptenare.

Paleisstraat: Hierdie straat was eers bekend as **Court Lane** en het na die bou van die Paleis van Justisie die huidige naam gekry. (Vgl. J. H. Davies, The Origin of Palace Street, Pretoriana Deel 1, nr. 1).

Parlementstraat: Hierdie straat loop langs die Raadsaal verby; vandaar die naam.

Pierneefstraat: heet na die vader van mnr. J. H. Pierneef die bekende kunsskilder. Hy was 'n timmerman van beroep en het die preekstoel vir die Gereformeerde Kerk, tans in die ou Museum, Boomstraat, gemaak. Volgens mnr. Morgan, in die artikel hierbo genoem, het die Pierneefs ook in Boomstraat naby die Dieretuin gewoon en die woning het die naam **Prinshof** gedra.

Potgieterstraat heet na die bekende Voortrekker kommandant Andries Hendrik Potgieter of na die Potgieter-familie as geheel. Die gegewens loop uiteen. Graag sal ons meer hieroor verneem.

Pretoriusstraat: Ook hieroor is die inligting verskillend. Die straat heet òf na president M. W. Pretorius, òf na die Pretorius-familie. Nader inligting hieroor sal ook verwelkom word.

Princess Parklaan: Die naam staan waarskynlik in verband met **Princess Park**. Graag verneem ons van een of ander leser iets oor die oorsprong van die naam en die geskiedenis van die park.

Prinshofstraat: Volgens ingewonne inligting het die grond aan J. Prinsloo behoort. Vandaar die naam. Is dit dieselfde terrein wat later deur mnr. Pierneef bewoon is soos hierbo aangegeef?

Proesstraat is genoem na dr. adv. B. C. E. Proes wat staatssekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek na J. H. Visagie geword het. Hy moes saam met pres. M. W. Pretorius bedank as gevolg van die Keate-uitspraak.

Queenstraat heet moontlik na koningin Victoria of die naam staan in verband met die ou Queenshotel wat in die straat was. Die gebou, een van die oudstes, het tot onlangs nog daar gestaan.


Readlaan heet na Ralf Read, 'n handelaar wat ook lid van die Transvaalse Provinsiale Raad geword het.

Rhodeslaan heet waarskynlik na die bekende Cecil John Rhodes.

Rider Haggardstraat: Soos bekend het Rider Haggard, die bekende skrywer, 'n tydlang in Transvaal gewoon tydens die bewind van Shepstone, as registrateur van die hooggeregshof onder sir John Kotze. Hy het in 1875 na Natal gekom as sekretaris van sir Henry Bulwer, luitenant-gouverneur van Natal. Daarna het hy Shepstone na Transvaal vergesel en verlaat die gebied weer saam met hom in 1879. (Sir John Kotze, *Biographical Memoirs and Reminiscences*, pp. 523, 527, 528).

Riverdale-laan is in die buurt van die Apiesrivier.

F. J. du T. Spies.



Pulling down the Kruger Pedestal. 1905.

Photo: Transvaal Museum

..... OF BEAUTIFUL OAKS AND A DRAWING

We have much pleasure in publishing the following extracts from a letter received from Mr. A. A. Roberts, High Commissioner for the Union in Canada, 5 Rideau Gate, Ottawa 2, dated 26th July, 1952:—

Many thanks for the first three editions of "Pretoriana" which I read with interest from A to Z.

On page 15 of Vol. 1 No. 2, Mrs. Punt quotes Mrs. Dunstan on the oaks between Prinsloo and Van der Walt Streets in Visagie Street. When I first saw these beautiful oaks (most of which were, to my great sorrow, removed by the municipality because, according to the newspaper report, occupants of the row of cottages there complained that the acorns falling on their roofs constituted a nuisance) in 1904 they seemed to me full-grown trees. I was told they had been planted by my grand-uncle J. N. Boshoff who lived at the corner of Van der Walt and Visagie Streets, and who died there in 1910. One of his older children ought to be able to settle the question, e.g. Mrs. Serfontein.

In volume 1 Nos. 3-4, Mr. C. Morgan relates: "Ek onthou nog die voetstuk vir die staandebeeld van die ou President . . . Dit het agter die Kerk gestaan aan die westekant maar sonder die beeld."

Recently I bought from Sawyer, London: "An original water colour drawing shewing the church with other buildings, a partly erected monument, and ox-wagons, carriage, horseman, etc., in the foreground, size $9\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$ inches, in mount $14\frac{1}{4} \times 10\frac{1}{2}$ inches, signed with initials A.M.C., £5. 5s. (ca. 1895). The partly erected monument was that started to support a statue of Kruger, but it was never completed and was later taken down. Very few examples are known of views of this short-lived monument. The initials A.M.C. are those of Miss A. M. Croft, of Fanhams Hall, Ware. She visited South Africa at the end of the nineteenth century."

It is not a great work of art but very interesting; if I have an opportunity later on I shall try to make a photo of it. Amongst the "etc." is something resembling a tricycle as well as a small horsedrawn tram with open sides.

Boekbespreking

Die Pretoriase Normaalkollege — 'n Terugblik oor vyftig jaar, deur Professor C. K. Oberholzer. Die Staatsdrukker, Pretoria, 1952. Pp. 151.

Met die ondergang van die twee Republieke in 1902, het dit voorgekom asof die Republikeinse ideaal van die Afrikaner ook maklik ver-

nietig kan word deur die oprigting van skole en inrigtings wat 'n Britse georiënteerde lewensbeskouing aan die Afrikaner moes opdring. Dit was die beleid van Alfred Milner en op hierdie grondslag het die Pretoriase Normaalkollege op die 2de September 1902 tot stand gekom.

Maar, soos Professor Oberholzer in hierdie werk van hom aandui was daar 'n ander ongesiene magsfaktor op die agtergrond wat uiteindelik sou deurbreek en die uiteindelike beslag aan die rigting waarin die kollege sou ontwikkel, gegee het. Hierdie faktor was die Afrikaner se nasionalisme, gegrondves op 'n eie tradisie wat by die vrede van Vereeniging neergeslaan is, maar nie vernietig is nie. Afrikaans het uiteindelik in 1920 die medium van onderrig geword (p. 78). Vir Prof. Oberholzer beteken die stigting en groei van die Normaalkollege dus iets meer as net die droë relas van geboue aanbou en die aanwas van studentetalle, want buite om en verhef bo dit sien hy die ontplooiing van 'n idee: „En wat is die inrigting anders as die kweekplek vir die idee om buitekant sy grense uitgedra te word?” (p. 7). Binne homself omvat hierdie idee waardes wat eie is aan die Afrikaner en dus uit homself die vreemde verwerp het. Die jong manne en vroue wat aan hierdie inrigting gestudeer het, het hierdie waardes uitgebou en nie alleen oorgedra op die inrigting self nie (p. 8) maar dit is buite sy grense uitgedra (p. 7) waardeur 'n jong geslag, gebore uit die nalatenskap van 'n verwoestende oorlog daardeur geïnspireer kon word. Die oprigting van die Pretoriase Normaalkollege was dus 'n nie-bedoelde Reddingsdaad. Daarom ook word dit vir Prof. Oberholzer iets meer as toeval dat die ultimatum van President Krüger aan die Engelse Regering juis op die gronde van die inrigting oorhandig is (p. 11). Daardie sogenaamde toeval kry „juis sin en betekenis” (p. 13-15) wanneer die geestelike en vormingswaarde wat die inrigting oor die laaste vyftig jaar vir ons gehad het in daardie verband gesien word.

In sy voorwoord tot hierdie werk merk Dr. I. M. Meyer tereg op dat Prof. Oberholzer in die eerste plek filosoof en opvoedkundige is: „. . . Geskoolde historikus is hy nie, en hy wil hom dan ook nie daardie kwalifikasie toeëien nie,” maar ons wat die voorreg geniet het om die lesings van Prof. Oberholzer by te woon het ook gou besef dat ons hier met 'n persoon te doen het wat uit die droë feite van die lewe, buite die alledaagse voorkoms van mense en hul handewerk, 'n „ideëkompleks” (p. 8) soek sodat dit sin en betekenis kry. Daarin lê dan ook die waardevolle van hierdie werk van hom en waar die Pretoriase Normaalkollege hierdie maand sy vyftigjarige bestaan herdenk, kan ons nie nalaat om hierdie werk aan te beveel by elke oud-Normaliet nie.

Professor Oberholzer het belowe om vir ons 'n paar artikels te lewer oor die stigting en groei van die Normaalkollege. Lesers kan dus gerus ons volgende uitgawe vooruit bestel!

T. S. v. R.

DAIR

DE LOOR'S BPK.

Die oudste Bakkers van Pretoria

Met 65 lange jare
ondervinding

Verkoop u die bese

BROOD EN KOEK

FOON 23291 VIR DIE BESTE DIENS